

### God se koninkryk is groter as die gedagtes van mense

**I**n God se koninkryk heers geregtigheid en vrede. God se mense beleef dit, maar hulle moet dit ook uitlewe. Wanneer geregtigheid en vrede bedreig word kan God se mense nie stilsit en dit maar toelaat nie.

In Genesis 14 lees ons vir die eerste maal in die Bybel van 'n volskaalse oorlog. Verskillende konings is hierby betrokke. In die wêreld gaan dit meer oor mag as oor geregtigheid. Vrede word maklik verbreek ter wille van groter invloed en meer besittings. Lot en sy mense bevind hulle midde-in hierdie magstryd tussen die aardse konings. Lot en sy mense dra nou die gevolge van Lot se selfsugtige keuse van 'n nuwe woonplek. Hy word nou bedreig as gevolg van die besluit waarmee hy sy eie heil wou uitwerk. Hy het God se bewaring verbeur.

Abram raak betrokke by die geskiedenis van Kanaän. Hy en sy manne gaan om Lot te bevry. Abram tree egter nie uit persoonlike ambisie of selfsug op nie, maar as redder van dié wat onderdruk en beroof word. Hy bring geregtigheid deur sy optrede as hy Lot en sy mense bevry. Hierdie ingrype van Abram is uitsonderlik en moet as 'n geloofsdaad verstaan word. Dit is die enigste oorlog waarin Abram ooit betrokke was. Hy neem ook geen buit of slawe nie. Sy stryd gaan oor reg en verkeerd en dit is vir almal duidelik dat Abram nie sy eie eer soek nie.

Hierdie boodskap kom nog sterker na vore as Abram vir Melgisedek, die priester-koning van Salem, na die geveg ontmoet. Abram eis geen eer of posisie op nie. Hy gee selfs 'n tiende van alles vir Melgisedek en wys hom daarop dat hy wat Abram is vir God, die Allerhoogste, persoonlik goed ken. Dit is inderdaad die Here wat aan Abram alles belowe het.

God se koninkryk is groter as die drome en gedagtes van mense. Dit styg ook bo aardse mag, posisie, besittings en ambisie uit.

*Sing: Psalm 27:1*

*Ds. CB Swanepoel (Nylstroom)*